// ECHO OF HIS CALL

EGGO VAN SY ROEP

AFRIKAN

India's National Spiritual Newspaper

₹ 10/-

REACHING NATIONS

Published monthly in ENGLISH, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, KANNADA, MARATHI, BENGALI, GUJARATI, ODIYA, ASSAMESE, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINHALA & AFRIKAANS

*Redakteur:* S. SAM SELVA RAJ | - In 16 Tale | *Mederedakteur:* BRO. WILLEM JACOBUS PRETORIUS

Vol. XVII | YEAR OF OUR LORD JESUS CHRIST, 2024 MAY | No. 11

## DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

**Psalm 75:2-10**

2. Ons loof U, o God, ons loof U; U is by ons, u magtige dade moet bekend gemaak word.
3. "As die tyd vir my optrede aanbreek," sê God, "oordeel Ek regverdig.
4. As die aarde met al sy bewoners sou wankel, dan grondves Ek hom weer stewig. Sela.
5. Vir die hooghartiges sê Ek: Moenie hooghartig wees nie, en vir die goddelose: Moet jouself nie verhef nie!
6. Moet jou nie teen die hemel verhef en aanmatigende dinge sê nie."
7. Verheffing kom nie uit die ooste of uit die weste of uit die woestyn nie!
8. Nee, dit is God wat verneder of verhef, Hy is die regter!
9. Daar is 'n beker in die hand van die Here. Dit is vol skuimende wyn met gif gemeng. Hy laat die goddeloses van die aarde daaruit drink; hulle moet selfs die afsaksel opdrink, die beker leegdrink.
10. Maar ék sal altyd getuig, altyd sing tot eer van die God van Jakob.

# ONS HERE SE MOEDERLIKE HART!



## Soos 'n moeder haar kind laat veilig voel, so laat Ek julle veilig voel - Jesaja 66:13.

***Geagte Hoofredakteur, Ds. Angeline Selvakumari***



Gegroet in die kosbare Naam van ons Heer en Verlosser, Jesus Christus, wat ons seën met hemelse seëninge. Hierdie maand is besonder betekenisvol en Echo of His Call wil graag vir alle moeders wêreldwyd 'n geseënde Moedersdag toewens. Hierdie dag bring sekerlik vreugde vir baie, maar vir ander mag dit dalk seer gevoelens losmaak. Nou, voor jy dalk hierdie boodskap oorslaan omdat jy dink "ek is nie 'n ma nie, so hoekom dit lees," dink hieraan: Moedersdag is 'n viering vir elkeen wat die gees van versorging van moederskap in hom het. Of jy 'n pa is, of 'n broer, oom, suster of tante wat die rol en verantwoordelikhede van 'n moeder aanvaar het, hierdie dag is ook jou dag om na te dink en vreugde te hê in jou opofferende liefde.

*....verv. op.bls. 3*

**Echo of His Call**



***YouTube Christian Channel !***

**Jy sal die geleentheid kry om saam met Pr. S. Sam Selva Raj te bid!**

**Boodskap & gebed in 5 minute!!**

**Engels, Hindi, Tamil & Telugu**

**Elke dag – From 2.00 vm**

**Tamil Sondagdiens – 8.30 vm.**

* Please Subscribe and Share *

ECHO OF HIS CALL - (1969-2019 GOLDEN JUBILEE YEAR)



# van julle geliefde broer...



## Ons Sendingopdrag

Ons moet die huidige generasie onderrig in die onvervalste leer van die ou, vroeë Apostels. Dit is die behoefte van ons tyd.


HON. EDITOR-IN-CHIEF

Rev. Angeline S. Kumari, M.A., M.Sc., M.Ed.

HON. MANAGING EDITOR

Pastor Alex Samson Sam, B.Th., M.Div.

GENERAL MANAGER

Bro. N. Prakasam, M.A., M.Sc.(C&P), PGDHRM., MBA.

ADMINISTRATION

Sis. Jesy Veena Sam
Adv. K. Puratchivendan, M.Com., C.A., B.L.
Dr. P.E.R. Premchand, M.Sc., M.A., M.Ed., Ph.D.
Dr. C.G.S. Baburao, B.Tech., M.Tech. (DM), Ph.D.
Dr. Rabinder Boaz, M.S. (CMC)

EDITORIAL BOARD

Dr. Serena Bevin, M.A., M.Phil., B.Ed.
Sis. Sajini Cherian
Sis. L. Mariya Anjalin, M.A., M.Sc., B.Ed.
Rev. Dr. K.R. Rajasekaran



EDITOR, PUBLISHER & PRINTER

Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street,
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98410 71852, 98412 71858
95661 31858

E.MAIL

sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in

WEBSITES

www.echoofhiscall.org
www.stpaulsmatriculation.com

YOUTUBE CHANNEL

Echo of His Call


**Die regverdiges word deur die Here gered. Hy is hulle toevlug in tyd van nood**

• Psalm - 37:39 •

Geliefde in Christus,

**Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe!** -1 Petrus 1:3.

Ons is baie dankbaar vir julle onophoudelike gebede en volgehoue ondersteuning. Mag God julle ryklik seën vir julle gulhartigheid en toegewydheid aan sy werk.

Die 'Vakansie Bybelskole vir Kinders' wat in die derde week van April gehou is, was 'n dawerende sukses, met God se oorvloedige en deurentydse seëninge. Honderde kinders van verskeie woonbuurte in Chennai, insluitend Chepauk, Velachery, Balaji Nagar en Santhoshapuram, is verryk met onderrig uit die Heilige Skrif deur 'n noukeurig beplande leerplan. Ons prys God vir sy voorsiening en bedank uit ons hart al die toegewyde dienaars van God wat onvermoeid in hierdie bediening saamgewerk het.

Ons nader nou die voltooiing van Pastoor S. Sam Selva Raj se outobiografie in boekformaat. Ons versoek julle getuienisse, wat tot tien lyne vol kan wees, waarin jy kan vertel hoe God impak in jou geestelike groei gemaak het deur sy bediening. Daarby sal ons dit waardeer as jy 'n foto kan saamstuur om in te sluit in die outobiografie.



*Past. Sam Sela Raj se Outobiografie-span*

So aan die begin van die nuwe maand word ons geroep tot flink optrede. Dit is belangrik dat ons die vyftig Bybelkollege gegradueerdes ondersteun terwyl hulle voorberei vir die afsluiting van hul studies. Hierdie toegewyde persone gaan binnekort afgeleë en uitdagende gebiede betree om te begin met hul bedienings. Die gradeplegtigheid is op 1 Junie 2024, 'n betekenisvolle mylpaal in hulle geestelike reis. Intussen gaan die nuwe studente se klasse by **Nehemia Bybelskool** op 3 Junie 2024 afskop.

Our Ministries: ECHO OF HIS CALL Monthly Magazines (16 languages) BIBLECOR - Postal Courses (3 languages) YouTube Ministry Online Courses Theological Correspondence Courses (2 languages) Church Planting Nehemiah Bible Colleges Gospel Printing Press Great Commission Partners St. Paul's Matriculation School Crusades Community Development

Ons vra nederig dat julle vurig sal bid dat ons studente kan identifiseer wat vaardig is in lees en skryf van Hindi vir ons Nehemia Bybelkollege. Daarby soek ons die Here se leiding en voorsiening vir al ons ondernemings in hierdie bediening. Kom ons verenig in gebed voor God vir sy goddelike ingryping om studente en bekwaamheid te bekom vir ons Village Hoërskool en **St. Paul Matrikulasieskool.**

Met talle uitdagings, hindernisse en dringende behoeftes voor ons, is ons vertroue op gebed meer dringend as ooit. Daarom versoek ons ernstig dat julle sal intree ten behoewe van ons bediening terwyl julle weet dat dit net deur God se genade en goedgunstigheid is dat ons elke hindernis kan oorkom.

Ons onthou julle ook in ons gebede, en mag ons Here se grenslose genade oorvloedig oor julle uitgegiet word. Amen!

Julle dienaars in Christus Jesus,

**PS. ALEX SAMSON SAM**
**PS. S. SAM SELVA RAJ**

(+91) 98412 71858 / 98410 71858,
Epos: sam@echoofhiscall.org

## VRIENDELIKE AANDAG: ECHO OF HIS CALL LESERS

Ons 5 minute **Echo of His Call** YouTube boodskappe word uitgesaai vanaf 2.00 vm. in Tamil, Telugu, Engels en Hindi (daagliks). Jy kan die genade van God ondervind deur daarna te kyk.

Nog meer, stoor my mobiele nommers (+91) 98410 71858, (+91) 98412 71858 (persoonlik) op jou selfoon.

- Pr. S. Sam Selva Raj

*verv. v. bls.1*

## MOEDERLIKE LIEFDE VAN GOD!

Nadenke oor onvoorwaardelike opofferende liefde laat my terugdink aan Jesus Christus se liefde waarin Hy sy lewe gewillig op die kruis gegee het vir ons verlossing. Sy selflose daad om sy lewe te offer sodat ons mag lewe is 'n voorbeeld van buitengewone liefde. Ons ervaar God se liefde in ouerlike terme - leiding, beskerming, dissiplinering - maar die Woord vertoon ook God se moederlike eienskappe in baie gevalle.



Jesaja 66:13 teken God as 'n bemoedigende ma, en Matteus 23:37 vergelyk God se liefde met 'n ma se opofferende en onvoorwaardelike liefde.

Aan die een kant beleef ons God as 'n streng dissiplineerder wat ons teregwys en leer; aan die ander kant sien ons Hom as 'n versorgende ma wie se liefde onvoorwaardelik is, ons tekortkominge bedek en lewensmiddele voorsien sonder veroordeling.

By hierdie geleentheid bid ek dat God jou sal omvou in sy moederlike omhelsing en volgehoue ondersteuning en kameraadskap sal gee, veral wanneer jy alleen voel. Mag sy teenwoordigheid jou verseker en sy onvoorwaardelike liefde jou gerusstel waar jy ook al gaan.

## MOEDERS IN DIE BYBEL!

Terwyl ek so oor God se moederlikheid dink, het ek begin dink aan verskeie moeders in die Bybel wat ongewone sielskrag vertoon het in die opvoeding van hul gesinne te midde van uitdagende omstandighede. Sommige staan nogal uit, in besonder Hagar.

### 1. WIE WAS HAGAR?

Baie ken haar verhaal, maar vir die ander wil ek haar graag voorstel. Haar naam verwys na "Vergete" of "Vlug", saamgevat in 'n duistere lewe, sonder erkenning en dikwels

## Bid asseblief!

Die Somervakansie Bybelskool sal gedurende April en Mei 2024 gehou word oral in Indië deur ons bedienings. Ons het julle gebede nodig.

- Redakteur

bespot. Sy was 'n Egiptiese slavin, in diens van Abraham en Sara wat 'n kinderlose egpaar was. Skielik het Sara haar vir Abraham in 'n huwelik gegee, met die hoop op 'n nageslag. Oornag is Hagar se status omvorm van 'n nederige diensmeisie tot die tweede belangrikste vrou in die huishouding. Sy het toe swanger geraak en 'n seun gehad, Ismael, wat haar status verder verhoog het. Sonder twyfel het Hagar haar verlekker in haar nuwe belangrikheid, duidelik sigbaar in haar gedrag en interaksies, veral teenoor Sara wat Abraham se eerste vrou was. Abraham was sekerlik ook bly oor die vooruitsig van 'n erfgenaam wat op sy nalatenskap kon voortbou, min wetend dat God ander planne het vir sy nageslag. Maar Hagar se houding van minagtende neerbuigendheid het die verhouding versuur. Sara se wrewel het toegeneem sodat sy Hagar begin mishandel het. Uiteindelik, toe Sara self 'n seun het volgens God se belofte, was die gedagte dat haar seun Isak saam met Ismael moes erf een te veel vir haar. Daarom het sy toe vir Abraham oorgehaal om vir Hagar en Ismael weg te stuur. So bevind Hagar haarself toe in die wildernis, verlaat deur haar man, en die betekenis van haar naam weerklink in haar gemoed. Alleen en in nood swerf sy en Ismael in die verlatenheid, 'n pynlike getuienis van die uitdagings wat moeders in die Bybelse tye in die gesig gestaar het.

## 2. ONWILLIGE DEELNEMER - HAGAR!

Niemand het navraag gedoen oor haar huwelik met Abraham nie, ook nie of sy hom dalk wil verlaat nie. Nog altyd was haar keuses voorgesê deur ander, wat haar 'n onwillige deelnemer gemaak het. Hoeveel van ons kan meegevoel hê met hierdie sentiment van onwillige deelnemer wees? Haar gebrek aan selfstandigheid was skreiend, sy had geen seggenskap nie. Man of vrou, jy kan kla: "Al my lewensbesluite is deur ander geneem, sonder om my te raadpleeg, en niemand het omgegee oor my wense en begeertes nie. Nou kry ek myself waar ek die lewe leef wat ander oor besluit het."

Liewe vriende, die Bybel verseker ons dat "God alles ten goede laat meewerk" as ons Hom vertrou. Al lyk dit nou onbegryplik, gebeur niks sonder God se toelating nie. Hy het die mag om selfs aaklige omstandighede vir ons ten goede te omvorm. So is die almag van die Here Jesus Christus – Hy kan enige situasie omkeer tot ons voordeel. Ons mag dalk soos Hagar nie verstaan wat God vir ons beplan het nie, maar Hy bestuur alles tot ons voordeel as ons Hom daarvoor vertrou. Soos Psalm 31:16 sê, **ons tye is in sy hand.** Daarom, wees gerus as jy jouself in 'n wildernis bevind soos Hagar, onseker oor wat voorlê, of dalk nie in staat om enige toekoms te sien nie. Onthou, God bly in beheer, Hy sal jou paaie begelei. Gryp net sy hand en gee jou wil oor aan syne, soos Hagar gedoen het.



*Hagar met haar seun in die wildernis*

*....verv. op.bls. 6*

**NEHEMIA RESIDENSIëLE BYBELKOLLEGE, TSJENNAI**

**Bid asb. vir**

**Medium : Hindi**

Geregistreerde Kandidaat vir Lidmaatskap
Asia Theological Association (ATA)
**Erken deur Internasionale Christenleiers & Senior pastore vir die afgelope 54 jaar**

**Certificate in Ministry**
**Diploma in Theology**

**Kwalifikasie: 10de Standerd (Graad 12) of hoër**
**Haas jou vir toelating!**

**Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.**
10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858
E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org
✶ AANLYN KLASSE IS BESKIKBAAR ✶

GREAT COMMISSION PARTNERS
ECHO OF HIS CALL MINISTRIES SINCE 1969

# GROOT OPDRAG-VENNOTE

**OM TE DEEL** (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)

## GEBEDSPUNTE - 2024 Mei 19 Tot Junie 18

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

### Prys God vir ...

**Mei 19** ➲ Ons **St. Paul Matrikulasieskool, Nehemia Bybelkollege**, en **Teologiese Korrespondensiekursus**, toegewy aan diens vir die behoeftiges.

**Mei 20** ➲ Seën op ons vertalers, hulpredakteurs, koördineerders, en hul gesinne.

**Mei 21** ➲ Beskerming van ons Senior Pastoor en sy gesinslede teen alle soorte van bose magte.

**Mei 22** ➲ Sy goedgunstige omhelsing van ons Gebedsvennote, Ingeskewe Vennote, Geloofsvennote, Lewensvennote en Groot Opdragvennote en hul gesinne.

**Mei 23** ➲ Die groei van ons Bybel Korrespondensiekursus en Teologiese Korrespondensiekursus.

**Mei 24** ➲ Dankbare erkenning van sy wonderlike voorsiening vir al ons bedieningsbehoeftes.

**Mei 25** ➲ Sy seën oor al die lidmate van ons Hoofkerk en die dogtergemeentes.

**Mei 26** ➲ Goddelike beskerming wat ons kan vra vir alle nasies te midde van chaos en dreigende oorlog.

**Mei 27** ➲ Die groei van ons Christelike bedienings ten spyte van politieke en godsdienstige teenkanting.

**Mei 28** ➲ Die voorspraak wat gedoen word vir die bemagtiging van vroue in alle sektore van die gemeenskap.

**Mei 29** ➲ Seën op ons **St. Paul Matrikulasieskool** met goeie Christen Onderwysers en Hoof.

**Mei 30** ➲ Seën oor ons Pastore en Senior Leiers van die Hoofkerk en dogtergemeentes.

**Mei 31** ➲ Beskerming van ons **Echo of His Call Bedienings** se personeel en hul gesinne.

**Junie 01** ➲ Nuwe studente vir ons Inwonende en Aandklas **Nehemia Bybelskool.**

**Junie 02** ➲ Ons Evangelie Drukpers en die toegewydheid van die vaardige werkers.

**Junie 03** ➲ Blydskap oor die toename in inskrywings en getuienisse rondom ons Vyf Minuut YouTube boodskappe.

### Bid asseblief vir ...

**Junie 04** ➲ Bevryding van bose geeste van geweld en moord onder jong mense, en dat hulle gevul word met die Heilige Gees.

**Junie 05** ➲ Vrede in alle gesinne.

**Junie 06** ➲ Instandhouding van die goeie reputasie van Christelike Opvoedkundige organisasies wêreldwyd.

**Junie 07** ➲ Christene om God se Woord te leef en 'n Christus karakter te beoefen.

**Junie 08** ➲ Ons bedienings se uitbreiding en die wêreldwye verspreiding van die Evangelie.

**Junie 09** ➲ Die sukses van ons Senior Pastoor se outobiografie.

**Junie 10** ➲ Goddelike beskerming teen bose magte in alle Kerke.

**Junie 11** ➲ Vrede tussen nasies en ekonomiese ontwikkeling.

**Junie 12** ➲ Bemagtiging sodat ons die Evangelie kan deel in onbereikte gebiede.

**Junie 13** ➲ Die uitbreiding van ons bedienings in verskeie aspekte en dimensies.

**Junie 14** ➲ Seën en beskerming oor alle Christelike organisasies.

**Junie 15** ➲ Die toelating van verdienstelike studente vir ons Inwonende en Aandklas Nehemia Bybelkollege vir die 2024-25 akademiese jaar.

**Junie 16** ➲ Die toelating van nuwe studente vir ons St. Paul Matrikulasieskool vir die 2024-25 akademiese jaar.

**Junie 17** ➲ Ons ondersteuners, weldoeners en vriende wat ons bedienings onderhou deur gebed en geldelike bydraes.

**Junie 18** ➲ Dat baie visies aan ons gegee word om God se Koninkryk op aarde te bevorder.

*verv. v. bls.4*

Die Bybel vertel in Genesis 21:14: **"Vroeg die volgende môre het Abraham kos gevat en 'n velsak water en dit vir Hagar gegee. Hy het dit saam met die kind op haar rug gesit en haar weggestuur. Sy is toe weg en het in die Berseba woestyn rondgeswerf."** Die welgestelde Abraham het sowaar net kos en water gegee. Mens sou meer vrygewigheid van hom verwag het, dalk bediendes en nodige lewensmiddele saam stuur. Maar hy het nie. Miskien wou hy dat sy God sou ervaar as haar voorsiener en skuilplek. Sy motiewe bly egter onseker.

Verlate en alleen lê voor haar die yslike taak om as 'n enkel ma haar seun in die woestyn op te voed. Met geen finansiële hulp of familie om op te steun nie het sy intense moeilike tye verduur. Die Bybel sê: **"Hy wat jou gemaak het is jou man, sy Naam is die Here die Almagtige, die heilige van Israel is jou Verlosser."** (Jesaja 54:5). Die Bybel verseker sulke vroue dat God hulle man en voorsiener is wat troos en bemoediging gee.

## 3. HAGAR EN HAAR SEUN!

Die beproewing was beslis uitputtend vir Hagar en haar seun,



*Hagar het gehuil oor haar seun*

soveel dat die outjie naderhand ingee. Om hom so sterwend te sien het seker Hagar se hart gebreek, en sy dink: **"Ek wil nie sien as die kind doodgaan nie."** (Genesis 21:16).

Hagar huil, desperaat en tog magteloos om haar seun aan die lewe te hou. Stel jou voor die angs om jou enigste dierbare so te sien weggly. Maar in haar donkerste oomblik draai sy na die Here en roep om hulp en troos.

Nadenke oor die pragtige eienskappe van 'n moeder laat ons sien hoe God moeders gebruik as kanale van seën vir hulle kinders.

## 'N MOEDER SE INNIGE PLEITREDE VOOR GOD VIR HAAR SEUN!

### *(a) TOE DIE MA UITROEP HET GOD DIE INTENSE NOOD VAN HAAR SEUN RAAKGESIEN!*

Toe hul water begin opraak het Hagar en haar seun hul veglus verloor en toegegee aan wanhoop. In angs kon Hagar nie meer aanskou hoe haar seun sterf nie. Hulle het doelloos in die wildernis rondgeswerf, sonder rigting of hoop op die toekoms. En met hul voorrade wat opraak het haar seun se opdoemende sterfte vir haar ondraaglik geraak.

**Sy het 'n entjie daarvandaan gaan sit, omtrent so ver as 'n mens met 'n pyl en boog kan skiet, want sy het gedink: ek wil nie sien as die kind doodgaan nie. Terwyl sy so daar sit, het sy begin huil.** (Genesis 21:16).

As 'n ma uitroep na God, sien Hy haar kind se smeking raak. God hoor nie net ons gebede nie, maar sien ook ons trane en voel ons angs. **My ellende het nie ongemerk by U verbygegaan nie, U het op my trane gelet. In u boek staan hulle opgeteken.** (Psalm 56:9). God gee aandag aan die nood van kinders wanneer hul moeders bid en intree. Die Bybel verhaal dat "God die kind hoor huil het," maar dit was ook die geroep van die ma wat God se reaksie aangewakker het. Hy reageer nie net op onbeskaamde uitroepe soos Hagar s'n nie, maar ook op die stille smekinge soos Ismael s'n.

As jy vandag vurig bid vir jou kind, waarvoor ook al, roep dan na God, want net Hy kan jou kind se nood verlig. Soek die Here wat deur sy dood en opstanding versekering gee vir ons almal se oorwinning.

## Nehemia Bybelkollege

## Gradeplegtigheid, 2023-2024

Plek : BKN Hall, Vepery, Chennai – 07.
Datum : 1ste Junie, 2024 (Saterdag)
Tyd : 5.00 P.M.



Omtrent 50 studente sal hul studies voltooi en na die sendingveld gestuur word.

Ons benodig 75 studente vir die Tamil en Hindi kursusse vir die 2024-2025 akademiese jaar. Bid asseblief vir hierdie saak. Toelatings gaan nog aan vir die 2024-2025 akademiese jaar.

### *(b) TOE DIE MA UITGEROEP HET, HET SY IN HAAR SEUN SE PLEK GESTAAN!*

Hagar het haar seun se plek ingeneem toe hy nie meer 'n woord kon uiter nie. In hierdie pynlike oomblik het die ma se liefde oorgeneem toe sy ingetree het vir haar uitgeputte seun. Hy het oorgegee aan wanhoop want hy het geen krag of wil oorgehad nie. Maar sy het ter wille van hom haar stem verhef en geroep.

Dit is 'n getuienis van die opofferende aard van moederskap wat ons dring om vir ons kinders te bid. Dalk het jy 'n seun of dogter wat vervreemd geraak het van God se liefde, of wat worstel met liggaamlike of geestelike onrus. Selfs al is gebed en geloof vir hulle outydse dinge, kan jy vir hulle in die bres tree. Dit doen 'n ma wanneer sy vurig bid vir hulle geestelike en aardse behoeftes, smekend by God ter wille van hul kinders.

Wanneer die ma bid, hoor God en antwoord.

Dit is ons ernstige plig om by God te pleit vir ons kinders se welstand. Kom ons, moeders, verhef ons stemme in gebed en roep uit vir ons kinders en kindskinders.

### *(c) TOE DIE MA UITGEROEP HET, HET GOD DIE KIND GESEËN EN DIE TOEKOMSPLANNE GEOPENBAAR! - vs 18-20.*



***Hagar se seun***

*....verv. op.bls. 9*


## Echo of His Call Postal Courses for candidates in India only

### 1. BIBLECOR

**Bid asb. vir**

Ons bied Korrespondensiekursusse aan oor Basiese Waarhede van die Bybel vir nuwe Christene en nie-Christene in Engels – 57 bladsye, Hindi – 76 bladsye & Tamil – 96 bladsye. Jy kry 'n kursusboek met die titel **New Life – For You! Na voltooiing van hierdie kursus sal jy 'n sertifikaat ontvang. Daar sal geen verpligte gelde wees nie. Jy sal geseën word!**

### 2. THEOLOGICAL CORRESPONDENCE COURSE

Advanced Distance Education called **Theological Correspondence Course** is available in English – 537 pages and Tamil – 652 pages for Pastors, Evangelists, Christian Leaders and for lay people who have passion to do God's Ministry! A fee of Rs. 1000/- is charged. 7 Books with 149 Chapters are supplied. **Certificate in Ministry** will be awarded. **God will bless you!**

***For more details, write to us.***

**The Chairman, Nehemiah Bible College,**

**Echo of His Call, Post Box 2957**, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005.

**Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell : 98410 71852, 95661 31858**

**E.mail : biblecor@yahoo.co.in**


## Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

### *Ons bankbesonderhede:*

**ABSA BANK : Echo of His Call Missions**
**BANKKODE: 334515**
**REKENINGNO: 905 129 1908**
**TAK: JEFFREYSBAAI**
**KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit**
**Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554 / e-pos: miemie60h@gmail.com**

**SIS. ELBINA SMITH**
**Address : DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST, JEFFREYS BAY 6330.**

**Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer**



# PUT TOT PALEIS

(Lewenservarings van Pastoor S. Sam Selva Raj)

"Wie dit lees moet dit goed begryp" Matteus 24:15

# WAT 'N VRIEND HET ONS IN JESUS CHRISTUS!

## EK WEET DAT MY VERLOSSER LEEF - JOB 19:25

Aan die begin van my bediening het ek baie beproewings en ontberings verduur wat God toegelaat het. Geldelike tekorte het swaar op my gedruk en die vooruitsig van die opbou van 'n permanente bedieningshoofkwartier onbereikbaar gemaak. Gevolglik het ek gedurig getrek met huis en kantoor.

In 1980 het beproewing my besonder hard getref. Koors en uitmergelende pyn deur my liggaam het my gepla, veral in my nek, en ek was diep in die knyp. Om alles te kroon het ek in 'n omgewing bedien wat hoofsaaklik nie-Christelik was, gevolglik was ek geïsoleer en sonder ondersteuning deur die plaaslike inwoners. Tydens die ergste van my siekte en alleenheid het ek uitgereik na 'n vriend en gesoebat dat hy net een nag by my sou vertoef. Maar ten spyte van my vorige hulp aan hom het hy ongevoelig geweier. Alleen in my lyding het ek 'n nag van onbeskryflike angs verduur.

Die volgende oggend het gawe mense my na 'n staatshospitaal geneem waar ek weer alleengelaat was om my beproewing alleen te deurleef. Na pynvolle dae het die dokters bepaal dat 'n operasie nodig was. Maar, gegewe my omstandighede het ek voorbehoude gehad om dit toe te laat en toe liewer gebid. Ek het my hart uitgestort voor God en my talle uitdagings opgenoem wat ek in my bediening in die gesig gestaar het, al het ek die keuse gehad van wêreldse gemaklikhede. "Die Here het na my geluister toe ek my paaie vir Hom voorgehou het" (Psalm 119:26).

Toe, een noodlottige nag terwyl ek ernstig gebid het, het ek die goddelike aanraking van God se genesende hand op my opgemerk. Oortuiging het my gevul en ek het gou vir die dokter aan diens van my ervaring vertel. Met meegevoel het die dokter opgemerk: "Ek verstaan. Baie Christene weier behandeling en beweer Jesus Christus het hulle genees. Jy maak ook so 'n verklaring." Toe het hy my met 'n goeie gesindheid ontslaan en nie aangedring op die operasie of medikasie nie. Voorwaar, God hy sy mag vertoon volgens my geloof en my bevry van die beproewing omdat ek in Hom geglo het.



***Goddelike aanraking deur Jesus Christus***

God het my volkome genees, byna 36 jaar gelede, en sedertdien het daardie siekte my nie weer getref nie. Ten spyte van ongelyke en rowwe paaie waar ek gery het, het ek nie meer rug- of nekpyn gehad nie. My dagroetine is dikwels langer as 20 ure, verdeel tussen kantoorwerk en preekgeleenthede, en tog was ek min kere uitgeput. God se genesende aanraking het my nie net bevry van siekte nie, maar het ook oorspoel met oorvloedige seën. Aanvanklik het ek net een vriend aan my sy gehad, maar nou het God my geseën met vriende oor die wêreld wat my en my bediening verryk.

Liewe vriend, ons Here Jesus Christus troon uit bo alles, en lei ons deur die duister van hierdie wêreld. Omhels Hom as jou ware Vriend en God, en Hy sal lig gee op die pad van geregtigheid op sy goeie tyd. As jy Hom nog nie in jou lewe ingenooi het as jou Heer en Verlosser nie, doen dit nou, en begin 'n reis van diens onder sy goddelike leiding. Sy leierskap onderhou my daagliks, en ek is oortuig Hy wil dieselfde vir jou doen.

Jesaja 43:19 verklaar: **"Ek maak in die woestyn 'n pad, Ek laat in die droë wêreld riviere ontspring."**

*******

*verv. v. bls.7*

Toe die ma by God gesmeek het, het Hy wonderbaarlik water voorsien, maar ook lewe vir haar kind gegee. Hy het van hom 'n gedugte persoon gemaak met 'n besondere bestemming. Meer nog, in antwoord op sy ma se innige smekinge het God ook vir haar die sluier gelig oor Ismael se toekoms.



*'n Engel van God praat met Hagar*

**"Staan op, tel die kind op en troos hom, want Ek sal hom 'n groot nasie laat word."** (Genesis 21:18),

Wanneer moeders bid, ontvou daar goddelike openbarings oor ons kinders se toekoms. Ons hoef nie elders antwoorde te soek nie; God openbaar dit aan biddende moeders. Kom ons omhels dan die mantel van biddende moeders, gereed om uit te roep vir ons kinders en in die bres te tree.

*******

## BID ASSEBLIEF VIR ONS BEDIENINGE BY DIE HOOFKANTOOR

1. Gebedsdiens : 24 uur
2. **BYBELKOR -** Bybelkorrespondensiekursusse : Engels, Tamil & Hindi
3. **ECHO OF HIS CALL** - Maandblad: Engels, Tamil, Malayalam, Telugu, Hindi, Kannada, Marathi, Gujarati, Bengali, Odiya, Nepali, Assamees, Punjabi, Urdu, Singalees & Afrikaans.
4. Nehemia Bybelkolleges Drie sentra) (Aand / Residensiëel)
5. Teologiese Korrespondensiekursusse: Engels en Tamil
6. Groot Opdrag-vennote (Netwerk van Pastore)
7. Opleidingsprogramme
8. Veldtogte
9. Literatuurverspreiding en Opvolg
10. Evangeliese Drukpers -- Publikasies
11. St. Paul's Matriculation School - Village English High School
12. Sondagskole : 8.30 vm. & 4.00 nm. Sondag
13. **Tamil dienste : 9.00 vm. Sondag**
14. **Hindi dienste : 4.00 nm. Sondag**
15. **Telugu diens : 5.00 nm. Sondag**
16. **Engels en Tamil diens : 6.00 nm. Sondag**
17. Vrouebiduur : 5.30 nm. Woensdag
18. Mannebiduur : 7.00 nm. Vrydag
19. Dissipelskapsbyeenkoms : 6.00 nm. Saterdag
20. Huisbyeenkomste : 6.30 nm. Dinsdae en Donderdae
21. Spesiale Heilige Nagmaal : 6.00 vm. Eerste dag van elke maand
22. Terugvoervergadering van dominees :5.30 nm. Eerste Saterdag
23. Gebedsgeleentheid vir ouers :4.00 nm. Eerste Sondag
24. Naggebed : 9.30 nm. Tweede Vrydag
25. Vastende Gebed : 9.30 vm. Derde Saterdag
26. Heilige Nagmaal : Tweede Sondagdienste
27. Jeug- / Kindergebede : 10.00 nm. daagliks
28. Personeelgodsdiens : 9.00 vm. daagliks
29. Kantoor : 9. 00 vm. tot 9.00 nm. (behalwe Sondae)

## Kind Attention!

### PR. S. SAM SELVA RAJ'S AUTOBIOGRAPHY!

Ons is in die pylvak van die voltooiing en uitgee van Pastoor S. Sam Selva Raj se outobiografie in boekformaat. **Ons vra vir julle getuienisse wat tot 10 lyne kan beslaan en wat vertel hoe God jou geestelike groei geraak het deur hierdie bediening.** Ons sal dit ook waardeer as jy 'n foto kan gee om in te sluit in die outobiografie.

- Redakteur

## 'n Goeie geleentheid om Echo of His Call Maandelikse Tydskrif gratis te kry

As jy vir ons die adresse van jou vriende / familie stuur per pos of e-pos, Whatsap of bel, sal ons maandeliks vir hulle **Echo of His Call** gratis stuur.

RNITCNO.TNAFR/2007/21215, Postal Regn.No.TN/CH/(C)/127/22-24

# Echo of His Call

## YouTube

Kyk asseblief na ons Echo of His Call You Tube Kanaal en teken daarop in wanneer jy die tyd stel. Dankie.

- Redakteur


**Bid asseblief**

**ST. PAUL'S MATRICULATION SCHOOL**

**Medavakkam, Chennai - 100.**

**ADMISSIONS OPEN!**

**PRE.K.G. TO X STD**

Ph. 963 963 1295, 044 - 2278 0574


**Bid asseblief**

**ST. PAUL'S MATRICULATION SCHOOL**

Die Engelse Christen-Hoërskool wat Echo of His Call bedryf vir arm en weeskinders. Ons het borge nodig vir 200 kinders @ R200 per kind. Ons vra borge. Jy kan jou donasies na ons bankrekeninge in Suid-Afrika stuur.

**Onderrig van Gehalte!**
**Geestelike opleiding!!**

**Van kleuteronderrig tot Gr.10**

Kontak:

**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005.**
Telefoon : (+91-44) 2852 8282
Sel : (+91) 98410 71852
E-pos : sam@echoofhiscall.org

# ECHO OF HIS CALL

**Maandblad in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Uitreike, Seminare, Maatskaplike Dienste, ens.**

**Jaarlikse intekengeld Rs. 100/-** **Lewenslange intekengeld Rs. 2000/-**

Die veelvuldige aktiwiteite van die **Echo of His Call Bedieninge** word ondersteun deur die vrywillige offers en donasies van God se kinders soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en ons aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en om kerke te plant.

As jy gereeld die **Echo of His Call** maandblad wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jy van posadres of e-posadres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

**Echo of His Call** is ook in 16 tale beskikbaar op ons webtuistes. Jy kan dit lees of op die webwerf gaan en dit aflaai en geseën word.

Julle briewe, gebedsversoeke en finansiële hulp (**Geldwissels, Tjeks of Aftrekorders, EO's, PayPal (Sam Selva Raj,** sam@echoofhiscall.org) **Tel.9841071858, Gpay (98410 71858), Western Union, MoneyGram** aan **Echo of His Call** kan asseblief gestuur word na die onderstaande adresse.

Stuur asseblief jou **landlyn/selfoonnommer** en **e-posadresse** vir opdatering.


**ECHO OF HIS CALL**

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell: (+91) 98410 71858, 98412 71858 / E.mails: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Websites: www.echoofhiscall.org / www.stpaulsmatriculation.com


**JY KAN JOU DONASIES OOK AANLYN STUUR**


Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215
Postal Regn.No. TN/CH/(C)/127/22-24
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS / 1 Patrika Channel"
on 4th MAY 2024

If un-delivered please return to:
ECHO OF HIS CALL
P.O. Box No. 2957, Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766


## *JESUS HET JOU LIEF!*

To

***GOD SEËN JOU!***

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by **S. Sam Selva Raj** at **Echo of His Call Printers**, New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**